

NGK Parke Nuus - April 2019

Liewe vriende van Parke-gemeente

Ek het die afgelope tyd goed nagedink oor wie Parke-gemeente is en wat ons hier doen. Na verskeie gesprekke het ek weer onder die indruk gekom van watter besondere groep mense die geloofsgemeenskap van Parke is – mense wat verstaan dat ons nie ter wille van onself hier is nie, maar met 'n baie spesifieke doel deur die Here hier geplant en gestuur is. Ons leuse: ONS MAAK 'N VERSKIL het weereens op meer as een manier gestalte gekry. Mense wat deur die kerk gehelp word, of deur gewone susters en broers van die gemeente ondersteun word, of verwelkom word en tuisgekom het, vertel almal dié storie.

Van die eerste goed wat mense opval is die warmte wat hulle beleef as hulle hier instap. Die verwelkomende gesindheid en -portaal by die kerk help vir seker hiermee. Dit is lekker om te sien hoedat mense 'n bietjie vertoef om koffie te drink en 'n geselsie aan te knoop.

Iemand wat onlangs by die gemeente aangesluit het, merk nou die dag op dat Parke-gemeente sy roeping in die dorp en gemeenskap baie goed verstaan. Daar is deurlopende getuienisse wat vertel van hulpverlening, waar mense kan betrokke raak, van behoeftes waarvoor mense kan bydraes lewer. Dit is eintlik verstommend hoeveel, oud én jonk hierby betrokke is – mense wat verstaan dat christenskap nie net oor jou persoonlike verlossing gaan nie, maar om gestuur te wees en soos Jesus 'n verskil in die samelewing te gaan maak.

Welkom aan ds. Louis van der Riet wat beroep en bevestig is in 'n twee jaarkontrak internskappos. Ek glo dat hy alreeds die warm hartklop van Parke se mense opgetel het en wens hom 'n geseënde bediening toe. Ek is oortuig dat hy deur die Here geroep is en spesifiek hier geplaas is om die gemeente met sy besondere gawes te bedien. Hy het alreeds op verskeie terreine vorentoe getree en help ons ook met nuwe ritmes en style in ons aanbidding en eredienste. Hy aanvaar ook die uitdaging om “sy hande vuil te maak”, d.w.s. fisies te werk en prakties betrokke te raak. Daarvoor skaar hy hom by die barmhartigheidsbediening.

Een van die nuwe inisiatiewe vir die jaar is dat 'n **Parke-Bybelskool** in die lewe geroep gaan word. Di. Jacques van Rensburg, Nina Müller van Velden (wat 'n ouderling is) en Louis van der Riet is baie goed toegerus hiervoor en ek glo hierdie inisiatief gaan vir baie mense baie beteken. Die plan is dat ons na Pinkster hiermee afskop. Verdere inligting sal aan die gemeente deurgegee word.

Met Paasnaweek op hande is dit belangrik om kennis te neem van die Paasnaweekprogram wat soos volg verloop:

Donderdagaand 18 April 19:30 is **Kruisigingsdiens en Paasnagmaal**, terwyl die Opstandingsdiens op Paassondag 21 April om 08:30 gehou word. Onthou asseblief ook van **Pinkster** – wat vanjaar vanaf 2 tot 9 Junie plaasvind. Daar is

oudergewoonte kinderpinkster, sowel as die oggendpinkster vir seniors en dan die tradisionele Pinkster saans. Volledige programme sal later in Mei beskikbaar gestel word.

Maak ook 'n knoop in die oor vir die **snoekbraai** van 8 Junie. Die kaartjies hiervoor sal eersdaags versprei word.

Die kerkraad wil vir elkeen in die gemeente dankie sê vir die finansiële bydraes van die afgelope jaar, wat dit moontlik gemaak het om die gemeente se verpligtinge na te kom. Elke rand wat ontvang is of waarvoor hard gewerk is, is nie net met groot verantwoordelikheid bestuur nie, maar is op een of ander wyse aangewend tot uitbreiding van die koninkryk, tot bevordering van die evangelieboodskap of tot die verligting van mense se nood. Die kerkraad is baie bewus daarvan dat dit die Here se geld is en dat ons slegs rentmeesters is wat moet toesien dat die wil van die Here hiermee geskied.

Om die gemeente se roeping uit te leef en ons verpligtinge na te kom, begroot die kerkraad in die huidige finansiële jaar vir 'n inkomste van R3.5 miljoen. Dit is in lyn met dié van die afgelope boekjaar. Ek wil u dus hiermee versoek om asseblief toegewyd voort te gaan met die gee van noodsaaklike dankoffers vir die werk van die Here.

Ds. Boet van Heerden, die predikant wat hierdie gemeente in 1980 begin het en ongelooflik hard gewerk het om die gemeente op te bou en te vestig, is die afgelope week in die ouderdom van 83 jaar oorlede. Om naby sy familie te wees, het hy sy laaste dae in 'n aftree-oord op Delmas deurgebring en was nie meer gesond nie.

Ons sal dominee Boet onthou vir 'n besondere onselfsugtige bediening. Hy was 'n man met visie en het nie geskroom om hard te werk nie. Hy was veral bekend daarvoor dat hy 'n uitstekende prediker was en daardeur baie mense se lewens aangeraak het. Talle mense getuig steeds van die invloed van sy boodskappe op hulle lewens. Sy veelsydigheid was ook besonders. Hy kon in elke faset van die bediening floreer en het nie geskroom om nuwe uitdagings aan te pak nie. Ek sal hom onthou vir sy liefde vir mense en sy besondere verhouding. Hy was 'n ware priester en profeet en verlaat hierdie wêreld met 'n besondere nalatenskap. Ons eer hom vir wie hy was en dank die Here dat hy Parke-gemeente twintig jaar lank kon bedien.

Laat ons voortgaan om 'n gemeente te wees tot eer van God en tot voordeel van ons omgewing. Ons is volgelingen van Jesus en het geen ander agenda as om sy waardes van liefde, versoening en geregtigheid uit te leef nie.

Charl Stander